Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2013

# RELIGIESTUDIES V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: (VRAAG 1) is VERPLIGTEND.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Die lengte van jou antwoorde moet in ooreenstemming met die puntetoekenning by elke vraag wees.

5. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.

6. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1: (VERPLIGTEND)

1.1 Definieer die volgende konsepte in die konteks van godsdiens:

1.1.1 Gebed (2)

1.1.2 Meditasie (2)

1.1.3 Aanbidding (2)

1.1.4 Doktrine (2)

1.1.5 Dogma (2)

1.2 Pas die lering in KOLOM A met die godsdiens in KOLOM B. Skryf die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.6) in jou ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Hindoeïsme | A | Die wet van liefde en vergifnis | (2) |
| 1.2.2 | Boeddhisme | B | Die Tien Gebooie | (2) |
| 1.2.3 | Judaïsme | C | Die Vyf Pilare | (2) |
| 1.2.4 | Islam | D | Ubuntu | (2) |
| 1.2.5 | Die Christendom | E | Die Agtvoudige Weg | (2) |
| 1.2.6 | Afrika Tradisionele Godsdiens | F | Dharma en Karma | (2) |

1.3 Noem enige TWEE sendinggodsdienste. (4)

1.4 Verduidelik kortliks die konsep *godsdienstige verdraagsaamheid.* (4)

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

1.5.1 Monoteïsme is die geloof in meer as een god. (2)

1.5.2 Die Moslems aanbid in ŉ moskee. (2)

1.5.3 Suid-Afrika het ŉ staatsgodsdiens. (2)

1.5.4 ŉ Matriargale stelsel is ŉ sosiale orde waarin mans, of die vaderfiguur, die kern van mag, gesag en sosiale belangrikheid is. (2)

1.5.5 Die sangoma is die stigter van die Afrika Tradisionele Godsdiens. (2)

1.6 Kies die korrekte woord uit die wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die word langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.6.1 (Christendom/Islam/Boeddhisme/Judaïsme) is ŉ nie-sending godsdiens. (2)

1.6.2 (Islam/Hindoeïsme/Boeddhisme/Afrika Tradisionele Godsdiens) is een van die Abrahamitiese godsdienste. (2)

1.6.3 (Emile Durkheim/Mahatma Gandhi/Karl Marx/Martin Luther King) is ŉ konflikteoretikus. (2)

1.6.4 Die (pastoor/sangoma/priester/rabbi) is ŉ spirituele leier wat hom/haar pasiënte genees deur die voorvaders te raadpleeg. (2)

1.6.5 (Animisme/Ateïsme/Teïsme/Politeïsme) is die geloof dat alle natuurlike dinge ŉ gees het en menslike gebeure kan beïnvloed. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die VIER vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1 Verduidelik elk van die volgende konsepte in die konteks van godsdiens:

2.1.1 Missie (4)
2.1.2 Evangelisme (4)
2.1.3 Proselitering (4)
2.1.4 Ekumenisme (4)
2.1.5 Godsdienstige Imperialisme (4)

2.2 Verduidelik kortliks die term '*inter-godsdienstige dialoog.* (10)

2.3 Lys die VYF stappe wat plaasvind gedurende die proses van geloofshernuwing. (10)

2.4 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Sionisme kan gesien word as ŉ verfyning van die Christendom in verhouding tot die Afrika-ervaring. Sionisme span inderwaarheid die gesuiwerde geestelike energie van die Christendom in om te reageer op hedendaagse Afrika-behoeftes en kanaliseer dit deur Afrika kategorieë van denke en optrede, sonder om dit egter heeltemal van Christelike kategorieë te stroop. Daar is dus ŉ behoud van sekere Afrika-godsdienstige metodes en tegnieke maar die put uit ŉ nuwe bron van krag–die Heilige Gees eerder as die voorvaderlike geeste.
>
> Hy wys daarop dat mense die ooreenkomste tussen die Sionistiese profeet en ŉ Afrika-waarseer uitgelig het, in die sin dat albei die oorsaak van ŉ persoon se siekte of ongesteldheid diagnoseer en behandeling aanbeveel. Die verskil is egter, se hy, dat die Sionistiese profeet se diagnose en behandelings dikwels nie doeltreffend is tensy dit in gebed gesentreer is nie, en insluit dat die pasiënt self meer tyd in gebed in die kerkgroep as ŉ deurlopende behandeling moet deurbring. Sioniste bring dus nie bloot die Christendom en Afrika-godsdiens saam nie; hulle het inderwaarheid ŉ nuwe vorm van Afrika Christendom ontwikkel. 'Sioniste skep en brei Christelike ooptes uit in wat ek sien as die samelewingsoerwoud, oases in ŉ morele woestyn, stukkies orde in die midde van wanorde.'
>
> [Bron: '*The African Independent Churches' in Martin Polzesky and John de Gruchy (eds) 1995. Living Faiths in South Africa. Cape Town: David Phillip pp 122, 127*]

2.4.1 Wat dink jy bedoel die skrywer deur te sê dat Sionisme ŉ 'verfyning van die Christendom in verhouding tot die Afrika-ervaring' is? (2)

2.4.2 Die skrywer dink dat Sioniste se geestelike krag sy oorsprong in die Christendom eerder as in Afrika-godsdiens het. Haal TWEE sinne uit die uittreksel aan wat dit aandui. (4)

2.4.3 Verduidelik in jou eie woorde wat die verskil tussen ŉ Sionistiese profeet en ŉ waarsêer is. (4)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1 Verduidelik kortliks die betekenis van die volgende godsdienstige simbole.

3.1.1 Afrika-bier (4)

3.1.2 Standbeeld van Boeddha (4)

3.1.3 Die Kruis (4)

3.1.4 Menorah (4)

3.1.5 Hajj (4)

3.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Die land was deur die vyande, die Filistyne binnegeval. Koning Saul het sy soldate byeengeroep en ŉ laer reg voor die Filistyne se weermag opgeslaan. Elke dag het Goliat, ŉ Fillistyn, uitgekom en Saul se soldate uitgetart. Hy het enigeen van Saul se soldate wie dapper genoeg was, tot ŉ tweegeveg uitgedaag. Die verloorder se weermag sou as verslane beskou word. Goliat het Saul se soldate getreiter, en niemand was bereid om die uitdaging te aanvaar nie. Op ŉ dag het Dawid, ŉ jong herder, by die koning se kamp opgedaag om vir sy broers kos te bring.
>
> Hy het die uitdaging gehoor en was skaam oor die lafhartigheid van Koning Saul se weermag. Hy het aangebied om Goliat se uitdaging te aanvaar. Hy het geweier om die wapenrusting van Koning Saul, wat hulle hom gegee het, te dra. Hy het verkies om sy skaapwagter-slinger met vyf klippies te gebruik om teen Goliat te veg. Hy het gesê dat God hom sal help om Goliat te verslaan. Hy het een klippie in die slingervel geplaas en na Goliat gegooi. Die reus het bewusteloos neergeval. Dawid het Goliat se swaard geneem en sy kop afgekap. Die Filistyne soldate het uit vrees gevlug.
>
> [Uittreksel uit: *Shuter's Religion Studies*, *Grade 11* by Hofmeyr *et al* 2006 p31]

3.2.1 Die gebeure in die verhaal het baie jare gelede plaasgevind. Hoe was dit oorgedra voordat dit in geskrewe vorm verskyn het? (2)

3.2.2 Wat is die doel van die verhaal? (2)

3.2.3 Waarom het Dawid geweier om Saul se skild teen ŉ opgeleide soldaat soos Goliat te dra, behalwe vir die feit dat dit te swaar en te groot vir hom was? (4)

3.2.4 Verduidelik die verskil tussen die konsepte *mite* en *verhaal.* (4)

3.2.5 Wat verteenwoordig Dawid volgens die verhaal? Haal EEN verklaring uit die leesstuk aan om jou antwoord te motiveer. (4)

3.3 Verduidelik kortliks die konsep *ritueel.* (4)

3.4 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**BATSWANA SPIRITUALITIET**

Vandag, soos in die verlede, bid die Batswana tot God vir 'n verskeidenheid behoeftes. Gebede word gedoen vir die siekes, vir goeie gesondheid, vir genesing, om te help met onvrugbaarheid, sukses in 'n persoon se sake- of politieke loopbaan, vir sukses met akademiese studies, vir 'n stabiele gesinslewe, vir reën, vir afgestorwenes, sowel as vir goeie geluk. In Tswana-tradisionele godsdiens word daar altyd tot God gebid deur die voorvaderlike geeste wat as tussengangers tussen God (Molimo) en die Tswana-nasie beskou word.

[Uit *James Amanze*, *African Christianity in Botswana,* p8]

3.4.1 Wat is die naam wat die Batswana vir God gee? (2)

3.4.2 Hoe beskryf hierdie uittreksel die verhouding wat gelowiges met God het? (4)

3.4.3 Hoe help waarsêers die mense om die voorouers se wense te verstaan? (4)

**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 'Boeddhisties argitektuur sluit 'n aantal verskillende strukture in – stoepas, pagodes, kloosters en grotte in'. Gee 'n kort verduideliking van elk van die strukture. (8)

4.2 'Daar is drie hooftipes gebede in Islam'. Beantwoord die volgend vrae ten opsigte van Moslems in gebed.

4.2.1 Waarom, dink jy, is dit vir Moslems belangrik om te was voordat hulle bid? (2)

4.2.2 Stel DRIE maniere voor wat gebed in die Islamitiese godsdiens gelowiges met hul stigter Mohammed verbind. (6)

4.3 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika verseker godsdiens diversiteit. Hoofstuk 2 van die Handves van Menseregte (Bill of rights) handel oor die fundamentele menseregte, wat erkenning en beskerming van godsdiensvryheid in Suid-Afrika insluit. Artikel 15: Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening verklaar dat:

1 Elkeen die reg het op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening.
2 Godsdiensbeoefening by staats- of staatsondersteunende instellings kan geskied mits:
   a) Daardie beoefening reëls nakom wat deur die tersaaklike openbare gesag gemaak is;
   b) Dit op billike wyse geskied;
   c) Bywoning daarvan vry en vrywillig is.

4.3.1 Is Suid-Afrika ŉ sekulêre of ŉ teokratiese staat? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (4)

4.3.2 Wat is ŉ ateïstiese staat? Noem EEN land as ŉ voorbeeld. (4)

4.3.3 Dink jy dat Suid-Afrika die Artikel 1 van die verenigde nasies ondersteun? Motiveer jou antwoord. (4)

4.3.4 Definieer *godsdiensvryheid* en toon aan hoe dit in jou skool bevorder en toegepas kan word. (6)

4.4 Verduidelik kortliks die konsep '*politiek'* in die konteks van godsdiens. (10)

4.5 Noem DRIE maniere waarop godsdiens ŉ impak op die samelewing het. (6)
**[50]**

**VRAAG 5**

5.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> (Ek beskou) nie-gewelddadige passiewe verset as ŉ nie-rewolusionêre en dus ŉ heel wettige en menslike politieke druk tegniek vir ŉ volk wat alle doeltreffende vorms van grondwetlike strewes ontsê is. Wette en toestande wat daartoe neig om die menslike persoonlikheid te verneder – ŉ Godgegewe krag – hetsy of dit deur die staat of ander individue meegebring word, moet onverbiddelik teegestaan word in die gees van trotsering wat deur die Heilige Petrus getoon is toe hy vir die heersers van sy dag gesê het, 'Sal ons aan God of die mens gehoorsaam wees?' Dit is onvermydelik dat in die sterwe na Vryheid sekere individue en sekere families die leiding moet neem en ly: die Pad na Vryheid is via die kruis.
>
> [Nobelprys wenner Hoofman Albert Luthuli]

5.1.1 Wat is *nie-gewelddadige verset*? (2)

5.1.2 Wie was die stigter van hierdie vorm van politieke stryd en watter godsdiens verteenwoordig hy? (4)

5.1.3 Op watter manier het Albert Luthuli se godsdienstige oortuigings sy politieke sienings ondersteun? Haal EEN voorbeeld uit die teks aan om jou antwoord te staaf. (4)

5.1.4 Dink jy nie-gewelddadige verset is meer of minder doeltreffend teen verdrukking as gewelddadige verset? Verduidelik jou antwoord. (6)

5.2 Verduidelik die rol wat godsdiens moet speel om die natuurlike omgewing te beskerm. (10)

5.3 Verduidelik die rol wat godsdiens moet speel om die natuurlike omgewing te beskerm.

> Die *Gift of the Givers*-stigting is in 1992 deur dr. Imtiaz Sooliman begin en is die grootste noodlenigingsorganisasie in Afrika (hoewel sy pogings oor die wêreld heen gereik het na plekke soos Haiti, Iran, Indië en China). Benewens hulp met rampe, verskaf die Stigting ook klinieke vir primêre gesondheidsorg, voedingskemas, watersuiwering en putwater, verspreiding van nuwe komberse, nuwe klere en kospakkies, beurse, onderwyshulp, landbou- en entrepreneurs- selfhelpskemas, werkskepping, beradingsdienste, ʼn dwelmrehabilitasiediens, MIV/Vigs werkswinkels vaardigheidsontwikkeling en lewensveranderde werkswinkels. Dit is sommige van hul uiteenlopende aktiwiteite wat vir miljoene mense wêreldwyd tot voordeel gestrek het. Hulle het meer as R450 miljoen ingesamel om 32 lande dwarsoor die wêreld te help, insluitende Suid-Afrika. Die stigting help mense ongeag hul ras, godsdiens, kleur, klas, politieke verband of geografiese grens.
>
> [Geneem uit: *Shuters Top Klas Religiestudies graad 11*, p136]

5.3.1 Lys TWEE werke wat die *Gift of the Givers*-stigting doen om mense te help wat in nood verkeer. (4)

5.3.2 Verduidelik in jou eie woorde die godsdienstige lering wat die werk van die *Gift of the Givers*-stigting geïnspireer het. (4)

5.3.3 Is die pogings van die *Gift of the Givers*-stigting beperk tot mense van dieselfde godsdiens as die lering wat hulle werk geïnspireer het? Hoekom dink jy so? (4)

5.4 Lees die onderstaande uittreksels uit verhale wat deur vroue geskryf is oor hul ervaring van uitsluiting en beantwoord die vrae wat volg.

> In haar denke oor vroue se uitsluiting uit gemeentelike gebed in die moskee, het Shamima Shaikh verklaar dat die uitsluiting van vroue uit gemeentelike gebede verraad van die leerstellings van die Profeet is.
>
> In haar denke oor die reinigingskode vir vroue in die Hindoe-tradisie, het Anu Pillay gesê: "Wanneer my broers op ʼn Sondagoggend tempel toe gegaan het en ek het gemenstrueer, moes ek by die huis bly. Ek het daarteen geskop en ek het tempel toe gegaan. En ek het aanhou wonder of die mure inmekaar gaan val en of ek gestraf sou word."
>
> [Uit: *Shuters Top Klas Religiestudies graad 11*, p57]

5.4.1 Identifiseer elke vrou se godsdiens en sê hoe sy voel om uitgesluit te wees. (8)

5.4.2 Wat het al hierdie vroue in gemeen? (2)

5.4.3 Wat is jou reaksie op wat hulle sê? (2)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**